SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

**#JouYster van 2025**

**Die Solidariteit Ambagnetwerk**

**Bepalings en voorwaardes**

Die Solidariteit Ambagnetwerk wil deur die #JouYster-toekenning erkenning gee aan ambagslui se talent, ywer, passie en toewyding aan die ambagsberoep. Hulle is die ware ysters wat die ratte van die samelewing laat draai.

1. Nomineer ŉ Afrikaanse ambagsman of -vrou vir die #JouYster-kompetisie en gee só aan hierdie talentvolle mense die erkenning wat hulle toekom.
2. Nominasies is gratis.
3. Nominasies sluit op 31 Oktober 2024.
4. Die genomineerde kan die nominasie aanvaar deur die nominasievorm voor of op 29 November 2024 as inskrywing te voltooi.
5. Volg hierdie stappe om ŉ persoon te nomineer:
    a. Stap 1: Klik op die volgende skakel
    b. Stap 2: Vul jou besonderhede en dié van die persoon wat jy nomineer hier in om te kwalifiseer.
    c. Stap 3: Deel gerus die skakel op sosiale media en moedig nog mense aan om Afrikaanse talent vir hierdie gesogte toekenning te nomineer.
2. Genomineerdes sal slegs as finaliste oorweeg word indien die vorm op die skakel volledig ingevul is.
3. Die aantal inskrywings is onbeperk.
4. Die aantal nominasies per persoon is ook onbeperk.
5. Geen persone onder die ouderdom van 18 mag aan die kompetisie deelneem nie.
6. Die nomineerder is vir die korrektheid en suksesvolle registrasie van die genomineerde verantwoordelik.

7. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
8. Nominasies sluit op 31 Oktober 2024.
9. Die topvyf sal op 3 Februarie aangekondig word en reisreëlings ens. sal vir die onderhoude in Pretoria getref word.
10. Die topkandidate gaan versoek word om portefeuljes vir beoordeling in te dien.
11. Die wenner word op 16 Maart 2025 op Ambagdag by Sol-Tech by Duinlewerikstraat 16, Monumentpark aangekondig.
12. Die topvyf moet by die geleentheid teenwoordig wees om vir die titel van #JouYster 2025 in aanmerking te kom.
13. Die wenner ontvang die volgende:
    1. Die #JouYster-2025-titel;
    2. ’n Toekenning van ’n beurslening aan ’n behoeftige student in die naam van die wenner;
    3. ’n Kontantbedrag van R5 000 aan die persoon wat die eerste plek behaal het;
    4. ’n Toekenning van ’n bedrag van R26 400 met die oog op ingenieurstudie vir N4 – N6;
    5. Die topdrie ontvang elk ’n unieke geskenkpak.
14. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
15. Die naam van die wenner sal op al Solidariteit se openbare platforms bekendgemaak word.
16. Geen pryse kan oorgedra, omgeruil of uitgeruil word nie.
17. Die wenner stem in om sy of haar samewerking te gee, en om aan al Solidariteit se openbare of mediageleenthede deel te neem wat met die kompetisie verband hou. Genomineerdes stem ook in dat hul basiese besonderhede op Solidariteit se webwerwe mag verskyn.
18. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Du Toitstraat 18, Bellville I 18 Du Toit Street, Bellville

19. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan hierdie kompetisie en/of die benutting van die prys.
20. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat ’n inskrywing onsuksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak, of vertraag word nie. Bewys van stuur is nie bewys van ontvangs nie. Die inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.



Bellville
T: 021 946 4440/4418 I C: 0861 25 24 23 I F: 021 949 4259 I E: bellville@solidariteit.co.za
Du Toitstraat 18, Bellville I 18 Du Toit Street, Bellville